# HOOFSTUK 27

KERKGEES EN LIEFDESGEES (14.05.1840} HIM1.019

01] Aan HOM wat My vrees (**meer vir die kerk se onthalwe as vir MY**) en tog graag 'n trooswoord wil hê, omdat hy dink dat Ek iets teen hom het, as gevolg van die swakheid van sy geloof – omdat Ek nie onmiddellik aan hom gedoen het, soos aan diegene wat vir jare lank al na My lig verlang het nie, en omdat hy steeds rustig binne die kerk bly leef het en die ritselende wind aangesien het vir My Gees en die gedonder as die Stem van die Seun – aan diegene sê Ek:

02] Ek het na jou hart gekyk en 'n goeie saadjie daarbinne gevind. So iemand moet dadelik die water van die lewe, **wat van My is**, daaroor uitgiet, dit wat hy in groot oorvloed sal vind in die Skrifte van die Ou- en Nuwe Testament. Dan sal hierdie mosterdsaad welig en vars uitspruit. En dan sal daar baie geeste uit die Hemele vrolik en vol blydskap kom en woning maak onder die baie takke en lote van hierdie nuwe plant vanuit My (in hom), en dan sal Ek kom en ook sy gees volkome tot die Lewe opwek en 'n ewige woning in hom maak.

03] Hy sal nie bang wees nie, omdat hy My liefhet, en sal nie dink dat die kerk van klippe lewend is nie, maar wel soos enige ander huis is, deur mensehande geskep! Nóg die Mis (sou hy dink, bring hom die Heil) wat 'n stomme diens is, óf die belydenis wat nutteloos is, tensy hy heeltemal verander in sy hart, óf al die Sakramente, wat 'n ware geskenk vir die siel is, eers wanneer jy hulle tot lewe bring, deur die ware Liefde vir My in 'n gereinigde hart.

04] Hy moet weet dat vir die lewendes alle dinge lewendig is, en vir die dooies is alles dood. Wie My Liefde het (d.w.s. die reine, hemelse Liefde vir Elohim en die naaste) hy het My self, die lewe van alle lewe, in homself. Maar hy wat nie My Liefde het nie, is soortgelyk aan die materie, wat dood is uit die dood van die toorn van God; hy self is dood, en die lewe gaan stil by hom verby, soos wat hy self stom is vir die lewe.

05] Daarom, jy sien Samuda ('n vriend van Lorber), soek net na My groot Liefde en soek haar oral! En waar sy haar vind, glo My, daar is ook Lewe. En daarom, verbind jouself aan niks, as alleenlik aan My Liefde, en so sal jy lewe, al sterf jy 'n duisend maal!

06] **Soek nie na die lig wat dood is nie, maar soek die Liefde** – so sal die Lig na jou toe kom in groter oorvloed vanuit My, wie die Liefde is en die Lewe self, van ewigheid tot ewigheid. Amen. -Ek, JaHshua-JaHWeH, Amein.

# HOOFSTUK 28

POSISIE VAN DIE KERK (20.08.1840) HIM1.096

01] 'n Baie klein epiloog aan diegene wat, in die skrif "Die weg na wedergeboorte" nie My stem nie, maar Satan se stem hoor (in uitleg van die verhouding tot die kerke, en wie die Vader welgevallig is, veral die in die Roomse kerk), wat daardie Skrif minstens te beskou as ydele werk van My skrywer. Hierdie skrywe word tot hulle gerig!

02] Hulle twyfel aan die egtheid van My Genade. Tog, as Ek in staat sou wees om te twyfel, sou Ek ook sterk aan hulle liefde kon twyfel! Want hulle het geloof in die verstand, maar 'n gelowige hart is steeds ver van hulle af. In plaas daarvan om die hart deur gevoel verstandig en ontvanklik te maak, vul hulle die intellek net meer en meer aan. Hierdie mense is opgeswel deur loutere leeswerk soos 'n ten volle opgeblase ballon. Dié ballon hang binne die hart deur middel van die Koord van die Wil. Die hart wil hom nou uitdy en 'n volle teug van My erbarmlike Liefde opslurp, wanneer Ek iets heel nederig aanbied, sodat dit die hart nie meer (as gevolg van die die fyn porieë van die omhulsel van hulle luggees) kan deurdring nie en so op die hart val nie, om daar 'n pad te mag maak nie.

03] Die luggas-gevulde verstandsballon trek dan, op grond van sy spesifieke ligtheid as ballon, so sterk aan die Koord van die Wil, dat die ingangskanale in die geestelike Kamers van die hart daardeur stewig ingebind word en die Gawes ook hier nie kan binnedring nie. Wat volg dan daaruit? Niks anders as twyfel, omdat die Gawe van die lewe tussen die twee ente van die Koord van die Wil, wat as't ware op en af gly, nie sy weg vind na óf die een (die Verstand) of die ander (die Hart) nie. Dan moet Ek toetree en die Verstand ietwat deurlug, sodat dit weer kan terugsak, die Koord slap kan word en so kan die saamgesnoerde hart weer lug inkry.

04] Maar die ordelike toestand moet as volg wees: Die hart word meer en meer deur die nederige afkoms van die verstand vergroot en absorbeer dit. Dan word die verstand self verwarm deur die Liefde en groei in die hart. Daardeur word die Liefde meer en meer gespanne en ontbrand uiteindelik in haar salige warmte, en die lig van haar sagte vlam verlig die verstand met 'n soete sagte-helder lig. Dan skyn die skatte van die hemel in die verstand, en deur die warmte van die lig word dit toenemend groter en groter, duideliker en opsigteliker (soos onder 'n mikroskoop) - waaruit dan die pragtige hartsbegrip van die Liefde en ware, lewende Geloof kom, en die mosterdsaad verander in 'n boom en die voëls van die Hemel, en uiteindelik Ekself, word uitgenooi om in sy takke te woon.

05] Dit het Ek aan gesê om jou gerus te stel in geval van verdere, soortgelyke beskuldigings, asof jy (Jakob Lorber) 'n dienskneg van twee persone was, of asof Ek

ook 'n werktuig van Satan wil gebruik vir My Genade. Die volgende paar dinge dien egter tot deurlugting van die verstand van twyfelaars!

06] Is dit toelaatbaar vir kinders om hulle siek ma te verlaat en weens die lyding, die dood vir haar te begeer ter wille van haar baie swakhede? Ek sê dat die Roomse kerk 'n hoer is, maar jy is nogtans uit haar gebore en het die eerste moedersmelk uit haar bors gesuig. Sy het jou eerste geleer om My Naam te noem, jou gevoed soos 'n ware tere moeder, en het jou verbied om kosse te eet wat jou maag sou benadeel. Daardeur het sy in jou **die aptyt vir sterker voedsel van die siel en die gees opgewek**, wat volgens My Wil, nooit vir jou (deur My) weerhou sal word nie, sodat jy dit na hartelus kan geniet. En selfs vandag verlustig jy jou soos, binnekort, niemand anders dit sal doen nie - in haar boesem!

07] Hoe is dit dan nou dat jy saam met Jakobus en Johannes uitroep: *"Meester, laat weerlig en swael op haar sieke hoof reën?"* **Luister, hierdie uitkyk bewys baie min ware liefde!** Dink jy dat vernietiging die weg na herstel is!? O nee, jy maak 'n afskuwelike fout. So dink al wat 'n sekteleier is ook. Maar hulle het hulself baie vergis, en die gevolg was: **Broedertwis, oorlog, moord en gruwels van allerhande soorte**! Was so 'n verbetering geseënd? Of is daar 'n enkele sekte wat kan sê, "My leringe is nie verseël met die bloed van die broeders nie!"

08] Jy sien, die Romeinse vrou is die owerspelige vrou wat gestenig moes word. Maar Ek sê nou hier: *"Wie sonder sonde is, gooi die eerste klip na haar!"* Sy is verder die Kanaänitiese vrou, met 'n groot geloof en baie liefde. Netso is sy die vrou wat gely het aan bloed vloeiing vir twaalf jaar, en wie uit My kleed die genesing gesteel en gesond geword het, want sy het baie geloof en liefde gehad. En verder is sy ook soos die groot hoer, en ná haar die boetvaardige Magdalena, wat My voete gesalf het. **Die Roomse kerk kan in enige een van hierdie gestaltes optree.**